# Die Vesperdiens vir Palmsondag

Na die Wegsending van die Neënde Uur gaan die priester en die diaken in by die sydeure van die Heiligdom, nadat hulle gebuig het in die rigting van die Biskop se troon, die ikone vereer het en in die rigting van die koor/kore gebuig het. Hulle maak drie buiginge voor die Heilige Tafel en die priester kus die Heilige Tafel en die Evangelieboek.

Dan, geklee in die Epitragelion, maak hy die gordyn van die Heilige Deure oop, en staan hy met onbedekte hoof voor die Heilige Tafel, en spreek hy die seën uit, as volg:

Priester Geseënd is ons God, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** Amen.

**Leser** Kom. laat ons aanbid en neerval voor God, ons Koning!
Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus God, ons Koning!
Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus self, ons Koning en God!

## Psalm 103

Loof die Here, o my siel. O Here my God, U is baie groot. U het U met lof en luister beklee, U wat U omhul met lig soos met 'n kleed, wat die hemel soos 'n tent uitspan. Wat sy solders met waters bedek, wat van die wolke sy wa maak, wat wandel op die vleuels van die winde. Wat sy engele geeste maak, en sy dienaars 'n vuurvlam. Wat die aarde op sy fondament vestig: dit sal vir ewig nie wankel nie. Die diepte, soos 'n kleed, is sy bedekking, die waters sal staan op die berge. Van u dreiging sal dit vlug; vir die stem van u donder sal dit skrik. Dit styg op na die berge, en daal neer na die laagtes, na die plek wat U daarvoor vasgestel het. 'n Grens het U gestel waaroor dit nie mag gaan nie, en dit sal nie teruggaan om die aarde te oordek nie. Dit is U wat fonteine uitstuur in die bergklowe, die waters sal tussen die berge deur loop. Hulle sal al die diere van die veld laat drink, die wilde esels sal hulle dors daarmee les. By hulle sal die voëls van die hemel nes maak; tussen die rotse uit sal hulle die stem laat hoor. Hy laat die berge drink uit sy solders, die aarde sal versadig word met die vrug van u werke. Hy laat gras uitspruit vir die beeste, en groenigheid tot diens van die mens, om brood uit die aarde voort te bring; en wyn maak die hart van die mens bly, om sy gesig vrolik te maak met olie; en brood versterk die hart van die mens. Die bome van die vlakte sal versadig wees, die seders van Libanon wat U geplant het. Daar sal die mossies nes maak; die huis van die reier troon oor hulle uit. Die hoë berge is 'n toevlug vir die herte en die rots vir die dassies. Hy het die maan gemaak vir vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan. U het die duisternis daargestel en dit was nag, waartydens al die wilde diere van die bos sal rondloop; jong leeus wat brul om prooi, en om hul voedsel by God te soek. Die son kom op, en hulle kom bymekaar en sal in hulle lêplekke gaan slaap. Die mens sal uitgaan na sy werk, en na sy arbeid tot die aand toe. Hoe groot is u werke, Here. U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skeppinge. So

ook hierdie groot en wye see, waar daar ontelbare kruipende dinge is, diere klein en groot. Daar vaar die skepe en is daar hierdie draak wat U gemaak het om daarin te speel. Hulle almal wag op U, om hulle voedsel te gee op die regte tyd. Wanneer U dit vir hulle gee, sal hulle dit bymekaarmaak.

Wanneer U u hand oopmaak, sal hulle almal met die goeie gevul word. Wanneer U u aangesig afkeer, sal hulle verskrik raak. U sal hulle asem wegneem, en hulle sal beswyk, en terugkeer tot hul stof. U sal u Gees uitstuur en hulle sal geskape word, en U sal die aangesig van die aarde nuut maak. Laat die heerlikheid van die Here vir ewig wees; die Here sal Hom in sy werke verheug; Hy wat die aarde aankyk en dit laat bewe, Hy wat die berge aanraak en hulle rook. Ek sal sing tot die Here solank ek lewe, ek sal psalmsing tot my God solank ek daar is. Mag my oordenking Hom welgevallig wees, en ek sal my in die Here verbly. Mag die sondaars, en die wettelose van die aarde verdwyn, sodat hulle nie meer sal bestaan nie. Loof die Here, o my siel.

En weer:

Die son ken sy tyd om onder te gaan. U het die duisternis daargestel en dit was nag.
Hoe groot is u werke, Here. U het hulle almal met wysheid gemaak.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

*******************************************************

[Indien die Openingspsalm **gesing** word, kan die volgende weergawe gebruik:

Loof die Here, o my siel, o Here my God, U is baie groot.
U het U met lof en luister beklee, U wat U omhul met lig soos met ’n kleed;
wat die hemel soos ’n tent uitspan,
wat sy solders met waters bedek,
wat van die wolke sy wa maak,
wat wandel op die vleuels van die wind.
Wat die aarde op sy fondament vestig;
dit sal vir ewig nie wankel nie.
Hoe groot is u werke, o Heer!
U het hulle almal met wysheid gemaak.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.]

*******************************************************

Terwyl die Openingspsalm gelees word, staan die priester met onbedekte hoof voor die Heilige Tafel en bid hy saggies die Gebede by die Aansteek van die Lampe, nadat hy eers soos gewoonlik die diaken se Stigarion en Orarion geseën het – die gebede is te vinde aan die einde van hierdie teks.

Wanneer die Openingspsalm voltooi is, sê die priester, voor die Heilige Tafel, of die diaken, op sy gebruiklike plek voor die Heilige Deure:

DIE VREDESLITANIE

Diaken* Laat ons in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.** En so na elke bede.

Diaken* Om die vrede van bo en die redding van ons siele, laat ons bid tot die Heer.

Om vrede vir die hele wêreld, die welsyn van die heilige Kerke van God, en die eenheid van almal, laat ons bid tot die Heer.

Vir hierdie heilige Huis, en vir hulle wat dit met geloof, eerbied en die vrees van God betree, laat ons bid tot die Heer.

Vir die toegewyde, Ortodokse Christene, laat ons bid tot die Heer.

Vir ons vader, pous en patriarg N., vir ons aartsbiskop en herder N., vir die eerbiedwaardige priesterskap, die diakonaat in Christus, vir alle geestelikes en die hele volk, laat ons bid tot die Heer.

Vir die mense van ons land, en vir alle owerhede en magte wat oor ons gestel is, laat ons bid tot die Heer.

Vir hierdie patriargaat en hierdie heilige bisdom, vir alle stede en dorpe, en vir die gelowiges wat daar woon, laat ons bid tot die Heer.

Vir gunstige weer, ’n oorvloedige opbrengs van die aarde, en tye van vrede, laat ons bid tot die Heer.

Vir reisigers op land, see en in die lug, vir hulle wat siek is en hulle wat ly, vir gevangenes en hul verlossing, laat ons bid tot die Heer.

Om ons bevryding van alle verdrukking, toorn, gevaar en nood, laat ons bid tot die Heer.

Help ons, red ons, ontferm U oor ons en bewaar ons, o God, deur u genade.

Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want U kom toe alle heerlikheid, eer en aanbidding, Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Na die Litanie word die Eerste Kathisma uit die Psalmboek deur een leser gelees of word onderstaande verkorte weergawe gesing.

**Eerste Kathisma [Verkort]**

Geseënd is die man wat nie gewandel het in die raad van die goddeloses nie.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddeloses sal vergaan.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Dien die Here met vrees, en verbly julle in Hom met bewing.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Salig is almal wat hulle vertroue in Hom gestel het.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Staan op, o Here; red my, o my God.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Aan die Here behoort die redding, en oor U volk is u seën.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God. Eer aan U.]

## DIE KLEIN LITANIE

Diaken* Laat ons keer op keer in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Help ons, red ons, ontferm U oor ons, en bewaar ons, o God, deur u genade.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want aan U behoort die mag, en aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid: aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Daarna begin ons die "Heer, ek het U aangeroep" in Toon,6 terwyl die diaken die Heiligdom en die hele Kerk bewierook. Indien die priester bewierook doen hy dit geklee in die Felonion en Epitragelion. Hy seën die wierook met die woorde,

Geseënd is ons God, immer, nou en altyd, en tot in ewigheid.

Hy bewierook die Heilige Tafel aan al vier kante en die hele Heiligdom. Daarna gaan hy uit deur die noordelike deur en bewierook hy die heilige ikone (3x), die volk en die hele kerk op die gebruiklike manier, en keer hy terug tot die Heiligdom deur die suidelike deur.

Psalm 140 – Toon 6

Heer, ek het U aangeroep, verhoor my.
Verhoor my, o Heer.
Heer, ek het U aangeroep, verhoor my.
Luister na die stem van my smeking,
as ek U aanroep.
Verhoor my, o Heer.

Laat my gebed soos wierook
voor u aangesig opgaan;
die opheffing van my hande
soos 'n aandoffer.
Verhoor my, o Heer.

[A] Stel 'n wag, Here, voor my mond, en 'n vaste deur om my lippe.

[B] Neig nie my hart tot slegte woorde, om te gebruik as voorwendsel vir my sondes.

[A] Saam met mense wat wetteloosheid bedryf, en laat my nie met hul uitgesoektes een word nie.

[B] Die regverdige sal my met barmhartigheid tugtig en my betig; maar laat die olie van die sondaar nie my hoof salf nie.

[A] Want my gebed sal steeds teen hul begeertes wees; hul regters is naby die rots ingesluk.

[B] Hulle sal my woorde hoor, want hulle is soet. Soos 'n kluit grond op die aarde gebreek word, is hul beendere by die doderyk gestrooi.

[A] Want op U is my oë, Here, Here. Op U het ek my hoop gestel, neem nie my siel weg nie.

[B] Bewaar my van die strik wat hulle vir my gestel het, en die struikelblokke van hulle wat wetteloosheid bedryf.

[A] Die sondaars sal in hul eie nette val. Ek is op my eie, totdat ek verbygaan.

## Psalm 141

[B] Met my stem het ek die Here aangeroep, met my stem het ek die Here gesmeek.

[A] Ek sal my smeking voor Hom uitstort, ek sal my nood voor Hom bekendmaak.

[B] Toe my gees my begewe het, het U my weë geken.

[A] Juis op die pad waarop gegaan het, het hulle heimlik 'n strik vir my gestel.

[B] Ek het na regs gekyk en gesien, maar daar was niemand wat my geken het nie.

[A] Vlug was vir my verlore; en daar is niemand wat vir my siel omgee nie.

[B] Ek het U aangeroep, Here, ek het gesê: U is my hoop, my deel in die land van die lewendes.

[A] Luister na my smeking, want ek is uitermate verneder.

[B] Red my van my vervolgers, want hulle is te sterk vir my.

Toon 6

1. Lei my siel uit die gevangenis om u Naam in erkentenis te bely.

Vandag het die genade van die Heilige Gees ons byeengebring.
Ons neem u Kruis op en roep tot U:
"Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here,
Hosanna in die hoogste hemele."

2. Die regverdiges sal op my wag totdat U my beloon.

Vandag het die genade van die Heilige Gees ons byeengebring.
Ons neem u Kruis op en roep tot U:
"Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here,
Hosanna in die hoogste hemele."

Psalm 129

3. Uit die dieptes het ek U aangeroep, Here. Here, hoor my stem.

Die Woord van God die Vader,
die mede-ewige Seun,
wat die hemel het as troon,
en die aarde as sy voetbank;
Hy het in Betánië gekom
en vandag verneder Hy Hom op die vul van 'n pakdier,
die redelose vul van 'n eselin.
Daarom hou die kinders van die Hebreërs
takke in hul hande
en prys Hom singend:
"Hosanna in die hoogste hemele,
geseënd is Hy wat kom, die Koning van Israel."

4. Laat u ore let op die stem van my smeking.

Die Woord van God die Vader,
die mede-ewige Seun,
wat die hemel het as troon,
en die aarde as sy voetbank;
Hy het in Betánië gekom
en vandag verneder Hy Hom op die vul van 'n pakdier,
die redelose vul van 'n eselin.
Daarom hou die kinders van die Hebreërs

takke in hul hande
en prys Hom singend:
“Hosanna in die hoogste hemele,
geseënd is Hy wat kom, die Koning van Israel.”

5. As U, Here, ongeregtighede in gedagte hou, Here, wie sal bestaan? Want by U is daar versoening.

Kom, laat ook ons, heel die nuwe Israel,
die Kerk uit die heidene,
vandag saam met die Profeet Sagaria uitroep:
“Verheug jou met groot vreugde, o dogter van Sion!
Verkondig, o dogter van Jerusalem:
Kyk, jou koning kom na jou as nederige Verlosser;
en Hy ry op 'n jong esel, die hingsvul van 'n pakdier.
Vier fees soos die kinders,
prys Hom met takke in jou hande:
‘Hosanna in die hoogste hemele,
geseënd is Hy wat kom, die Koning van Israel.’”

6. Om u Naams ontwil het ek op U gewag, Here; my siel het gewag op u woord, my siel het gehoop op die Here.

Kom, laat ook ons, heel die nuwe Israel,
die Kerk uit die heidene,
vandag saam met die Profeet Sagaria uitroep:
“Verheug jou met groot vreugde, o dogter van Sion!
Verkondig, o dogter van Jerusalem:
Kyk, jou koning kom na jou as nederige Verlosser;
en Hy ry op 'n jong esel, die hingsvul van 'n pakdier.
Vier fees soos die kinders,
prys Hom met takke in jou hande:
‘Hosanna in die hoogste hemele,
geseënd is Hy wat kom, die Koning van Israel.’”

7. Vanaf die oggendwaak tot die nag, vanaf die oggendwaak, laat Israel op die Here vertrou.

As voorafbeelding van u eerwaardige Opstanding
het U deur u bevel 'n dooie opgewek, o Goeie,
die lewelose Lasarus, u vriend,
wat teen die vierde dag al 'n reuk afgegee het.
Daarom het U in 'n simboliese handeling op die vul geklim
en is U soos op 'n strydwa gedra,
waardeur U op die heidene gedui het, o Verlosser.
Daarom bring die geliefde Israel
U die lof uit die mond van suigelinge en onskuldige kinders,
wanneer hulle U, Christus die Heilige Stad sien binnekom
ses dae voor die Pasga.

8. Want by die Here is die barmhartigheid, en by Hom is daar veel verlossing. En Hy sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.

Psalm 116

As voorafbeelding van u eerwaardige Opstanding
het U deur u bevel 'n dooie opgewek, o Goeie,
die lewelose Lasarus, u vriend,
wat teen die vierde dag al 'n reuk afgegee het.
Daarom het U in 'n simboliese handeling op die vul geklim
en is U soos op 'n strydwa gedra,
waardeur U op die heidene gedui het, o Verlosser.
Daarom bring die geliefde Israel
U die lof uit die mond van suigelinge en onskuldige kinders,
wanneer hulle U, Christus die Heilige Stad sien binnekom
ses dae voor die Pasga.

9. Loof die Here, alle nasies, loof Hom alle volke.

Ses dae voor die Pasga het Jesus na Betanië gekom,
en sy dissipels het Hom genader en gesê:
"Here, waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die Pasga te eet?"
Toe het Hy hulle gestuur en gesê:
"Gaan na die dorp daar oorkant en julle sal 'n man vind wat 'n kruik water dra;
volg hom en sê vir die eienaar van die huis: 'Die Meester sê:
By jou vier ek die Pasga saam met my dissipels.'"

10. Want sy barmhartigheid is bevestig oor ons, en die waarheid van die Here bly tot in ewigheid.

Ses dae voor die Pasga het Jesus na Betanië gekom,
en sy dissipels het Hom genader en gesê:
"Here, waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die Pasga te eet?"
Toe het Hy hulle gestuur en gesê:
"Gaan na die dorp daar oorkant en julle sal 'n man vind wat 'n kruik water dra;
volg hom en sê vir die eienaar van die huis: 'Die Meester sê:
By jou vier ek die Pasga saam met my dissipels.'"

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 6

Vandag het die genade van die Heilige Gees ons byeengebring.
Ons neem u Kruis op en roep tot U:
“Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here,
Hosanna in die hoogste hemele.”

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Toon 6

Vandag het die genade van die Heilige Gees ons byeengebring.
Ons neem u Kruis op en roep tot U:
“Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here,
Hosanna in die hoogste hemele.”

Tydens die Doksastikon maak die priester, geklee in die Felonion, en die diaken die Intog met die wierookvat. Die priester seën die wierook soos hierbo. Hulle kom uit by die noordelike deur, met die diaken wat lei, en kom tot stilstand voor die Heilige Deure. Die diaken sê:

Laat ons bid tot die Heer.

Die priester buig sy hoof en sê in 'n gedempte toon

DIE GEBED VAN DIE INTOG

Saans en soggens en smiddae loof , prys, dank en bid ons U, o Meester van almal, mensliewende Here. Laat ons gebed soos wierook voor u aangesig opgaan, en neig nie ons harte tot slegte woorde of bose dade nie, maar red ons van alles wat ons siele wil roof. Want op U is ons oë, Here, Here, en op U het ons ons hoop gestel. Moet ons nie beskaam nie, ons God.

Want U kom toe alle heerlikheid, eer en aanbidding, Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Dan sê die diaken:

Seën, meester, die heilige Intog.

En die priester seën die Intog met die woorde:

Geseënd is die Intog na u heilige plek, immer nou en altyd en tot in ewigheid.

Diaken* Amen.

Die diaken bewierook die heilige ikone en die Volk en wag vir die einde van die troparion. Wanneer die klaar is, lig hy die wierookvat, maak die teken van die Kruis, en roep:

Wysheid. Laat ons opstaan.

**Danklied by die Aansteek van Lampe**

**O blye Lig,**
**van die heilige heerlikheid**
**van die onsterflike, hemelse,**
**heilige en salige Vader:**

**O Jesus Christus,**
**noudat ons gekom het by sonsondergang**
**en die aandlig aanskou**
**sing ons 'n lofgesang aan God,**
**Vader, Seun en Heilige Gees.**
**Dit is waardig dat U te alle tye**
**met gepaste stemme besing word,**
**o Seun van God,**
**leweskenkende;**
**daarom verheerlik die wêreld U.**

Diaken* Die aand-Prokimenon

Saterdagaand – Toon 6

Die Here is koning; Hy het Hom met majesteit beklee.

Die Here is koning; Hy het Hom met majesteit beklee.

Vers1: Die Here het Hom met krag beklee en omgord.

Die Here is koning; Hy het Hom met majesteit beklee.

Vers 2: Want Hy het die wêreld gevestig, wat nie sal wankel nie.

Die Here is koning; Hy het Hom met majesteit beklee.

Vers 3: Heiligheid pas by u huis, Here, tot in lengte van dae.

Die Here is koning; Hy het Hom met majesteit beklee.

Die Here is koning;* Hy het Hom met majesteit beklee.

Priester Wysheid.

Leser **Die Lesing uit Genesis** (49:1-12)

Diaken* Laat ons aandag gee.

Leser

Jakob het sy seuns geroep en vir hulle gesê: “Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar. Kom bymekaar en hoor, seuns van Jakob, en luister na Israel, julle vader! Juda, jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die rug van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is ’n jong leeu; van ’n loot het jy opgegaan, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos ’n leeu en soos ’n jong leeu; wie sal hom opjaag? ’n Heerser sal van Juda nie wyk nie, nóg ’n leier uit sy lendene totdat Hy kom, vir wie dit bewaar word; en Hy is die verwagting van die nasies. Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die wingerdrank; Hy sal sy kleed was in wyn en sy gewaad in

druiwebloed. Sy oë is meer vreugdewekkend as wyn en sy tande is witter as melk.

Priester Wysheid.

Leser Die Lesing uit die Profesie van Sefanja (3:14-19)

Diaken* Laat ons aandag gee.

Leser

So sê die Here: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion, verkondig dit, o dogter van Jerusalem! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem! Die Here het jou ongeregtighede heeltemal weggeneem, Hy het jou uit die hand van jou vyande verlos; die koning van Israel, die Here, is in jou midde, jy sal geen kwaad meer aanskou nie. In dié tyd sal die Here aan Jerusalem sê: 'Hou moed, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie! Die Here jou God is by jou, die Magtige sal jou red. Hy sal blydskap oor jou bring; Hy sal jou in sy liefde nuut maak; Hy sal oor jou jubel met vreugde, soos op 'n feesdag. En Ek sal jou verbryseldes bymekaarmaak. Helaas!! Wie het 'n verwyt teen haar opgeneem? Kyk, in daardie tyd sal Ek om jou ontwil in jou werk, sê die Here, en Ek sal haar wat verdruk was red, en haar wat verwerp was, aanvaar, en Ek sal hulle tot roem en vermaard maak oor die ganse aarde.

Priester Wysheid.

Leser **Die Lesing uit die Profesie van Sagaria** (9:9-15)

Diaken* Laat ons aandag gee.

Leser

So sê die Here: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Verkondig dit, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n verlosser is Hy; nederig en Hy ry op 'n pakdier, op 'n jong vul. En Hy sal die strydwaens uit Efraim en die perd uit Jerusalem uitdelg, en die strydboog sal vernietig word, en daar sal 'n volheid van vrede onder die nasies wees, en Hy sal heers vanaf die waters tot by die see, en vanaf die riviere tot aan die eindes van die aarde. Ook jy, kragtens die bloed van jou verbond, het jou gevangenes losgelaat uit die put sonder water. Julle sal in die vestings woon, o gevangenes van die vergadering! Ek sal jou dubbel vergoed vir elke dag van jou ballingskap, want Ek het Juda vir My as boog gespan, en Efraim as pyl daarop gelê; en Ek sal jou kinders, o Sion, aanvuur teen die kinders van die Grieke, en Ek sal jou hanteer soos die swaard van 'n vegter. Dan sal die Here oor hulle wees, en soos weerlig sal sy pyl uitskiet; en die Here die Almagtige God sal met die basuin blaas en optrek met die storm van sy dreiging. Die Almagtige Here sal hulle beskut."

Die Dringende Litanie

Diaken* Laat ons sê, met ons hele siel en ons hele verstand, laat ons sê.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* O Almagtige Here, die God van ons vaders, ons bid U, hoor ons en wees barmhartig.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Wees ons barmhartig, o God, volgens u groot barmhartigheid, ons bid U, hoor ons en wees barmhartig.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x) En so na elk van die oorblywende bedes.

Diaken* Ook bid ons vir ons vader, pous en patriarg N., ons aartsbiskop en herder, N., en vir al ons broers en susters in Christus.

Ook bid ons vir die president van ons land, en vir alle owerhede en magte wat oor ons gestel is.

Ook bid ons om barmhartigheid, lewe, vrede, gesondheid, heil en besoeking, vergifnis en kwytskelding van sondes vir die dienaars van God, alle toegewyde en Ortodokse Christene, wat in hierdie stad en gemeente woon of vertoef, vir die opsieners en lede van hierdie heilige Kerk en vir hulle familielede; [en ook vir die dienaars van God N. & N. (hier mag die diaken die name noem van diegene vir wie hy gevra is om te bid) en vir almal wat vir ons gevra het om vir hulle te bid, onwaardig soos wat ons is.]

Ook bid ons vir die salige en gedenkwaardige grondleggers van hierdie heilige Kerk, vir al ons Ortodokse broers en susters wat ons in die rus voorafgegaan het, en wat hier en oor die hele wêreld heen vroom ontslape lê; [en ook vir die dienaars van God N. & N. (hier mag die diaken die name noem van diegene vir wie hy gevra is om te bid) en dat hulle al hul oortredings, opsetlik sowel as onopsetlik, vergewe mag word.]

Ook bid ons vir hulle wat offergawes bring, vir hulle wat goeie werke in hierdie heilige en al-eerbiedwaardige huis doen, vir hulle wat daar dien en hulle wat sing, en vir die volk hier teenwoordig, wat wag op u groot en ryke barmhartigheid.

**Die Smeekgebed**

Priester (in 'n gedempte toon)

Here, ons God, aanvaar hierdie vurige smeekbede van u dienaars, en wees ons barmhartig na die volheid van u barmhartigheid. Laat u deernis op ons neerdaal en op u hele volk wat wag op u ryke barmhartigheid.

(hardop) Want U is 'n barmhartige en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

**Leser** **Gee, Here, dat ons vannag van sonde bewaar mag word.**
**Lofwaardig is U, o Heer, die God van ons vaders; en geprys en verheerlik is u Naam tot in ewigheid. Amen.**
**Laat u barmhartigheid, Here, oor ons wees, soos ons ons hoop gestel het op U.**
**Lofwaardig is U, o Here, leer my u gebooie.**
**Lofwaardig is U, o Meester, gee my insig in u gebooie.**
**Lofwaardig is U, o Heilige, verlig my deur u gebooie.**
**U barmhartigheid, Here, is tot in ewigheid:**
**Laat vaar nie die werke van u hande nie.**
**U kom toe die lofprysing, U kom toe die lofgesang, U kom toe die heerlikheid: Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

Diaken* Laat ons ons aandgebed tot die Here voleindig.

**Volk** **Here, ontferm U.** En so na elk van die volgende bedes.

Diaken* Help ons, red ons, ontferm U oor ons en bewaar ons, o God, deur u genade.

Dat die hele aand volmaak, heilig, vreedsaam en sonder sonde mag wees, vra ons die Heer.

**Volk** **Skenk dit, o Heer.** En so na elk van die volgende bedes.

Diaken* Om ’n engel van vrede, ’n getroue gids en behoeder van ons siele en liggame, vra ons die Heer.

Om vergifnis en kwytskelding van ons sondes en oortredinge, vra ons die Heer.

Om wat goed en voordelig is vir ons siele, en om vrede vir die wêreld, vra ons die Heer.

Dat ons die oorblywende tyd van ons lewe in vrede en boetvaardigheid mag voleindig, vra ons die Heer.

Om ’n Christelike einde aan ons lewens, vreedsaam en sonder lyding of rede tot skaamte, en om ’n goeie verweer voor die ontsagwekkende regterstoel van Christus, laat ons vra.

Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria,

saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want U is 'n goeie en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Priester Vrede vir almal.

**Volk** **En vir u gees.**

Diaken* Laat ons ons hoofde buig voor die Heer.

**Volk** **Voor U, o Heer.**

Die priester sê in 'n gedempte toon

Die Gebed van die Hoofbuiging

O Here, ons God, wat die hemele neergebuig en vir die verlossing van die menslike geslag neergedaal het, kyk neer op u dienaars en op u erfdeel; want voor U, die ontsagwekkende dog mensliewende Regter, het u dienaars die hoof gebuig en in onderdanigheid die nek tot U geneig, sonder enige verwagting van menslike hulp, maar wagtend op u barmhartigheid en in afwagting op u verlossing. Behoed hulle te alle tye, ook vanaand en vannag, teen alle vyande, teen alle vyandige werkinge van die duiwel en teen ydele gedagtes en bose bedenksels.

(hardop) Geloof en verheerlik sy die heerskappy van u Koninkryk, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

[Indien daar 'n Artoklasia is, vind dit hier plaas, so nie, blaai na bl. 19]

Wanneer daar ’n Artoklasia is, word vyf brode saam met koring, wyn en olie op ’n tafel in die middel van die kerk geplaas, en terwyl die sangers een van die troparia van die Litie van die Heilige wie se fees gevier word sing (indien daar nie liedere vir die Litie is nie, word die Apolitikion gesing) kom die priester en die diaken uit die Heiligdom deur die Heilige Deure, met kerse en wierook, en gaan staan hulle in die middel van die kerk.

Litie (verkort)

Na Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Toon 3

Ses dae voor Pasga sou plaasvind
het Jesus na Betanië gekom,
om Lasarus terug te roep wat reeds vier dae dood was
en om vooraf die Opstanding te verkondig.
Vroue het Hom ook tegemoetgegaan,
Martha en Maria, die susters van Lasarus,
wat tot Hom geroep het:
"Here, as U hier was, sou ons broer nie gesterf het nie."
Hy sê toe vir hulle:
"Het ek nie voorheen vir julle gesê dat hy wat in My glo,
sal lewe al het hy ook gesterwe.
Wys my waar julle Hom neergelê het."
En die Skepper van alles het tot hom geroep: "Lasarus, kom uit!"

Aan die einde van die troparion:

Diaken* Wees ons barmhartig, o God, volgens u groot barmhartigheid, ons bid U, hoor en wees barmhartig.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Diaken* Ook bid ons vir die vrome, Ortodokse Christene.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Diaken* Ook bid vir ons vader, pous en patriarg, N., ons aartsbiskop en herder, N., en vir al ons broers en susters in Christus.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Diaken* Ook bid ons vir die mense van ons land, en vir alle owerhede en magte wat oor ons gestel is.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Diaken* Ook bid ons om barmhartigheid, lewe, vrede, gesondheid, verlossing, besoeking, kwytskelding en vergifnis van sondes, vir die dienaars van God, die gemeentelede, lede van die gemeenteraad, skenkers en weldoeners van hierdie heilige tempel, asook sy dienaars (en hy gedenk die name van hulle wat die brode gebring het) wat hierdie heilige fees vier en hierdie gawes bring.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Diaken Ook bid ons dat hierdie heilige kerk en hierdie stad / dorp en alle stede en dorpe en landelike gebiede bewaar mag word van die pes, hongersnood, aardbewings, oorstromings, brand, die swaard, buitelandse invalle, burgeroorlog en onvoorsiene dood; dat ons goeie en mensliewende God genadig, goed- en versoeningsgesind sal wees en al die toorn wat teen ons gewek is en alle siektes sal afwend en verdryf, en ons sal verlos van sy regmatige tugtiging wat oor ons hang, en Hom oor ons sal ontferm.

Terwyl bostaande gebed gebid word, sing die Volk **Here, ontferm U** veertig keer in vier groepe van tien plus nog drie keer (of twaalf keer in vier groepe van drie, of soveel keer as wat nodig mag wees).

Diaken* Ook bid ons dat die Here ons God na die stem van die smeking van ons sondaars sal luister, en Hom oor ons sal ontferm.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Priester Hoor ons, o God ons Redder, die Hoop van alle eindes van die aarde en van hulle daar ver op see; en wees barmhartig, wees barmhartig, o Meester, oor ons sondes, en ontferm U oor ons.

Want U is 'n barmhartige en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Priester Vrede vir almal.

**Volk** **En vir u gees.**

Diaken* Laat ons ons hoofde buig voor die Heer.

**Volk** **Voor U, o Heer.**

Priester O Meester groot van barmhartigheid, Here Jesus Christus ons God, deur die gebede van ons al-onbevlekte Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, deur die krag van die kosbare en lewendmakende Kruis, die beskerming van die eerbiedwaardige, liggaamlose hemelse kragte, die smekinge van die eerbiedwaardige, glorieryke profeet, Voorloper en Doper, Johannes, van die heilige, glorieryke en alomgeëerde Apostels, van die heilige, glorieryke en seëvierende martelare, van ons heilige en Goddraende Vaders en Moeders, van die (heilige van die kerk), van die heilige en regverdige Voorouers van God, Joachim en Anna, en al u Heiliges: Maak ons gebed aanvaarbaar.

**Volk** **Amen.**

Priester Skenk ons vergewing van ons oortredinge;

**Volk** **Amen.**

Priester Beskut ons onder die beskutting van u vleuels;

**Volk** **Amen.**

Priester Verdryf van ons alle vyande en teenstanders;

**Volk** **Amen.**

Priester Skenk ons lewe vrede;

**Volk** **Amen.**

Priester O Here, ontferm U oor ons en oor u wêreld en red ons siele, want U is goed en mensliewend.

**Volk** **Amen.**

Dan neem die priester (of die diaken) die wierookbak en bewierook die brode in die vorm van 'n kruis, deur rondom die tafel te beweeg, terwyl die diaken (of altaardienaar) met 'n kers oorkant hom bly.

Terwyl die priester die brode bewierook, sing hy (of die Volk):

Maagd wat God gebaar het, verheug u;
o begenadigde Maria, die Here is met u;
geseënd is u onder die vroue en geseënd is die vrug van u skoot,
want u het gebaar die Redder van ons siele.

Diaken* Laat ons bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Die priester neem een van die brode en maak die teken van die Kruis met sy regterhand daaroor, terwyl hy die volgende gebed hardop bid:

Gebed van die Broodbreking

O Here Jesus Christus ons God, wat die vyf brode in die woestyn geseën en die vyf duisend mans daarmee versadig het, seën U Self hierdie brode, en die koring, wyn en olie, en vermenigvuldig dit in hierdie dorp/stad, en oor die hele wêreld heen, en heilig u getroue dienaars wat daaraan deel het.

Want dit is U wat alle dinge seën en heilig, o Christus ons

God, en tot U stuur ons die lof omhoog, soos ook tot u beginlose Vader en u al-heilige, goeie en lewendmakende Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Die priester en diaken kus een van die brode en keer terug na die Heiligdom, terwyl hulle een maal die volgende troparion in Toon 7 sing:

Rykes het arm geword en honger gely, maar hulle wat die Here soek, sal geen goeie ding ontneem word nie.

****************************************************************************************

Dan die Apostiga, met die verse van die Fees tussen-in.

Toon 8

Verheug en verbly jou, stad Sion;
jubel Kerk van God:
want kyk, jou Koning het in geregtigheid gekom.
Hy sit op 'n vul en word deur kinders besing:
Hosanna in die hoogste hemele.
Geseënd is U wat so ryk aan barmhartigheid is:
Ontferm U oor ons.

Vers. Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei. (Ps. 8)

Die Verlosser het vandag by die stad Jerusalem gekom:
om die Skrif te vervul,
want almal het palmtakke in hul hande geneem
en hul klere onder Hom versprei,
omdat hulle geweet het dat Hy ons God is,
tot Wie die Gerubim sonder ophou roep:
Geseënd is U wat so ryk aan barmhartigheid is;
Ontferm U oor ons.

Vers. Here, onse Here, hoe wonderbaar is u Naam op die ganse aarde. (Ps. 8)

U wat op die Gerubim ry
en besing word deur die Serafim,
het nou soos Dawid op 'n esel geklim, o Goeie,
terwyl die kinders U Godwaardig besing,
en die Jode U op wettelose wyse belaster.
Deur op die esel te sit,
het vooraf uitgebeeld hoe die heidene wat so moeilik te tem is
vanuit die ongeloof na die geloof oorgaan.
Eer aan U, Christus, wat alleen barmhartig en mensliewend is.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 6

Vandag het die genade van die Heilige Gees ons byeengebring;
Ons neem u Kruis op en roep tot U:
“Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here,
Hosanna in die hoogste hemele.”

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Toon 6

Vandag het die genade van die Heilige Gees ons byeengebring;
Ons neem u Kruis op en roep tot U:
“Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here,
Hosanna in die hoogste hemele.”

Na die voltooiing van die Apostiga, sê ons die Loflied van Simeon wat God ontvang het (Lukas 2:29)

Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede
volgens u woord,
omdat my oë u heil gesien het,
wat U berei het voor die oë van al die volke
- 'n lig tot verligting van die nasies
en tot heerlikheid van u volk Israel.

**Leser** **Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike,
ontferm U oor ons.** (drie maal)

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.
Here, reinig ons van ons sondes.
Meester, vergeef ons ons oortredinge.
Heilige, besoek en genees ons swakhede,
om u Naams ontwil.**

**Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.**

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Onse Vader, wat in die hemele is,
laat u naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied
soos in die hemel net so ook op die aarde.**

**Gee ons vandag ons daaglikse brood**
**en vergeef ons ons skulde**
**soos ons ook ons skuldenaars vergewe**
**en lei ons nie in versoeking nie**
**maar verlos ons van die bose.**

Priester Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid, aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Leser** **Amen.**

Apolitikion – Toon 1

Toe U Lasarus voor u Lyding uit die dode opgewek het,
het U die gemeenskaplike Opstanding bevestig, o Christus God.
Daarom dra ook ons soos die Kinders die oorwinningstekens
en roep ons tot U, die Oorwinnaar oor die Dood:
Hosanna in die hoogste hemele,
Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.

(twee maal)

Toon 4

Deur die Doop saam met U begrawe, o Christus ons God,
is ons deur u Opstanding die onsterflike lewe waardig geag
en ons besing U en roep:
“Hosanna in die hoogste hemele.
Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.”

Diaken* Wysheid.

**Leser** **Seën.**

Priester Geseënd is Hy Wat Is, Christus ons ware God, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Leser** **Amen. Mag die Here God die heilige en onfeilbare geloof van die vrome, Ortodokse Christene saam met sy heilige Kerk versterk tot in ewigheid.**

Priester Hoogheilige Theotokos, red ons.

**Leser** **Eerbiedwaardiger as die Gerubim, en onvergelyklik glorieryker as die Serafim, het u ongeskonde God die Woord gebaar. Ware Theotokos, ons verheerlik u.**

Die priester staan in die Heilige Deure met sy gesig na die Volk, en doen die Groot Wegsending soos volg:

Eer aan U, Christus God, ons hoop, eer aan U.

**Leser** **Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Here, ontferm U.** (3x) **Seën, vader.**

Priester Mag Hy wat Hom, ter wille van ons verlossing, verwerdig het om op die vul van 'n esel te sit, Christus ons ware God, deur die gebede van sy al-onbevlekte, al-onskuldige, heilige Moeder, van die heilige, glorieryke en alomgeëerde Apostels, van die heilige N. (aan wie die kerk toegewy is), van die heilige N. wat ons vandag gedenk, van die heilige en regverdige Voorouers van God, Joachim en Anna, en van al die heiliges, Hom oor ons ontferm en ons red, want Hy is goed en mensliewend.

Deur die gebede van ons heilige vaders, Here Jesus Christus ons God, ontferm U oor ons en red ons.

**Volk** **Amen.**

*************************************************************************************

**Let wel**: Indien die Artoklasia bedien word, geskied die wegsending na die Apolitikia soos volg:

Diaken* Laat ons bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Die priester kom by die Heilige Deure uit en seën die Volk, terwyl hy sê:

Mag die seën van die Here en sy barmhartigheid oor julle kom, deur sy genade en mensliewendheid, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

**Leser** Mag die Here God die heilige en onfeilbare geloof van die vrome, Ortodokse Christene saam met sy heilige Kerk versterk tot in ewigheid.

Priester Hoogheilige Theotokos, red ons.

**Leser** **Eerbiedwaardiger as die Gerubim, en onvergelyklik glorieryker as die Serafim, het u ongeskonde God die Woord gebaar. Ware Theotokos, ons verheerlik u.**

Priester Eer aan U, Christus God, ons hoop, eer aan U.

**Leser** **Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Here, ontferm U.** (3x) **Seën, vader.**

Priester Mag Hy wat Hom, ter wille van ons verlossing, verwerdig het om op die vul van ’n esel te sit, Christus ons ware God, deur die gebede van sy al-onbevlekte, al-onskuldige, heilige Moeder, deur die krag van die kosbare en lewendmakende Kruis, die smekinge van die eerbiedwaardige, glorieryke Profeet, Voorloper en Doper Johannes, van die heilige, glorieryke en alomgeëerde Apostels, van die heilige, glorieryke en seëvierende martelare, van ons heilige en Goddraende vaders, van die heilige N. (aan wie die kerk toegewy is), van die heilige en regverdige Voorouers van God, Joakim en Anna, van die heilige N. wat ons vandag gedenk, en van al die heiliges, Hom oor ons ontferm en ons red, want Hy is goed en mensliewend.

Deur die gebede van ons heilige vaders, Here Jesus Christus ons God, ontferm U oor ons en red ons.

**Volk** **Amen.**

## Eerste Gebed

O Here, medelydend en barmhartig, lankmoedig en vol ontferming, hoor ons gebed, en let op die stem van ons smeking. Bewerk vir ons 'n teken ten goede. Lei ons op u weg, om in u waarheid te wandel. Maak ons harte bly om u heilige Naam te vrees, want U is groot en doen wonders. U alleen is God, en daar is niemand soos U onder die gode nie, Here: kragtig in barmhartigheid, en edel in mag, om almal wat op u heilige Naam hoop te help en te vertroos en te red.

Want U kom toe alle heerlikheid, eer en aanbidding, Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Tweede Gebed

Here, bestraf ons nie in u toorn nie, tugtig ons nie in u woede nie, maar handel met ons volgens u goedertierenheid, o geneesheer en heler van ons siele. Lei ons na die hawe van u wil. Verlig die oë van ons harte tot die kennis van u waarheid, en gee dat ons die res van die dag en ons hele lewe in vrede en sonder sonde mag deurbring, deur die gebede van die Theotokos en al die Heiliges.

Want aan U behoort die mag, en aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid: aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Derde Gebed

Here, ons God, dink aan ons, u sondige en nuttelose dienaars, wanneer ons u heilige Naam aanroep, en beskaam ons nie in die verwagting op u barmhartigheid nie, maar skenk ons, Here, genadig alles wat ons vra wat vir ons tot heil sal wees en ag ons waardig om U met ons hele hart lief te hê en te vrees, en om in alles u wil te doen.

Want U is 'n goeie en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Vierde Gebed

U wat deur die heilige Kragte met nimmerswygende gesange en onophoudelike lofliedere besing word, vul ons mond met u lof, om u heilige Naam te verhef en gee ons 'n aandeel en erfdeel saam met almal wat u in waarheid vrees, en wat u gebooie onderhou, deur die gebede van die heilige Theotokos en al u Heiliges.

Want U kom toe alle heerlikheid, eer en aanbidding, Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Vyfde Gebed

Here, Here, wat die heelal in u vlekkelose hand hou, wat lankmoedig teenoor ons almal is en bedroef is oor ons boosheid, dink aan u medelye en u barmhartigheid-Besoek ons in u goedheid, en gee dat ons die res van dag die veelsoortige liste van die bose mag ontvlug, en bewaar ons lewe van alle aanslae, deur die genade van u Alheilige Gees.

Deur die barmhartigheid en mensliewendheid van u eniggebore Seun, met wie U geloof word, saam met u alheilige, goeie en lewendmakende Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Sesde Gebed

O God, groot en wonderbaar, wat die heelal met onuitspreeklike goedheid en ryke voorsienigheid bestuur, wat ons ook die goeie van hierdie wêreld geskenk het, en ons die pand van die beloofde Koninkryk gegee het deur die goeie wat reeds aan ons geskenk is, wat ons gedurende dié deel van die dag wat verby is in staat gestel het om alle kwaad te vermy, gee dat ons ook die oorblywende deel onberispelik voor u heilige heerlikheid mag voltooi, terwyl ons U, ons enigste goeie en mensliewende God, besing.

Want U is ons God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Sewende Gebed

O grote en allerhoogste God, wat alleen onsterflik is, wat woon in ontoeganklike lig, wat die hele skepping met wysheid gevorm het, wat die lig en die duisternis van mekaar geskei het, en wat die son daargestel het om te heers oor die dag, en die maan en die sterre oor die nag, wat ons, sondaars, waardig geag het om in hierdie uur in dankbare erkentlikheid voor u aangesig te kom, en U ons aand-lofgesang te bring: Laat ons gebed soos wierook voor u aangesig opgaan, en aanvaar dit as 'n welriekende geur. Gee dat ons hierdie aand en die nag wat voorlê in vrede mag deurbring. Beklee ons met die wapens van die lig. Red ons van die vrees van die nag, en van alles wat in duisternis rondsluip. Gee ons die slaap, wat U ons in ons swakheid vir rus geskenk het, vry van alle duiwelse fantasieë. Ja, Meester van die heelal, gewer van die goeie, mag ons ons ook op ons beddens verootmoedig en aan u naam dink in die nag, en mag ons, verlig deur die oordenking van u gebooie, met blymoedigheid van siel opstaan om die lof van u goedheid te besing, terwyl ons gebede en smekinge, vir ons eie sondes en dié van u hele volk, voor u medelye opdra. Besoek hulle in u barmhartigheid, deur die gebede van die heilige Theotokos.

Want U is 'n goeie en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.